

AANPASSING AAN OMVANG VAN PROJEK (JUNIE 2008)

As gevolg van die toekomstige verwagte toename in die kragopwekkingskapasiteit in die Lephalale area, asook 'n toename in die behoefte aan bykomende elektrisiteit in die Mokopane en Polokwane areas, het Eskom Transmissie onlangs voorgestel dat **765 kV transmissie kraglyne** opgerig word in die onderstaande areas, en nie 400 kV transmissie kraglyne, soos aanvanklik berig nie.

- » 'n Nuwe kraglyn, wat strek oor 'n afstand van ongeveer 150km, tussen die Delta substasie (naby die Medupi kragstasie) en die nuwe Mokopane substasie
- » 'n Nuwe kraglyn, wat strek oor 'n afstand van ongeveer 60km, tussen die nuwe Mokopane substasie en die bestaande Witkop substasie
- » 'n Nuwe kraglyn, wat strek oor 'n afstand van ongeveer 200km, tussen die Delta substasie en die bestaande Witkop substasie

Die bogenoemde aanpassings aan die omvang van die voorgestelde projek hou in dat 'n breër servituut benodig gaan word (i.e. 80m per 765 kV kraglyn in plaas van die 55m wat benodig sou word per 400kV kraglyn). Verder is die torings vir 'n 765kV kraglyn hoër as dié van 'n 400kV kraglyn (ongeveer 50m teenoor die aanvanklike 35m). Hierdie aanpassings is voorgestel aangesien Eskom Transmissie van die opinie is dat hierdie aanpassings die behoefte om bykomende servitute te bekom (wat nodig sou wees om die bykomende elektrisiteit wat in die Lephalale area opgewek word na ander dele van die land te versprei) in die toekoms moontlik sal laat afneem.